„Die aarde behoort aan die Here..."

deur Prof. W.D. Jonker.

Dit is of ons op die oomblik langsaam ontwaak tot 'n besef van die pynlike dun draadjie waaraan die lewe en voortbestaan van die mens op aarde hang. Van alle kante word die mens se toekoms bedreig. Of 'n mens nou dink aan die bedreiging wat die opgestapelde voorrade atoombomme vir die volkere van die hele aarde inhou, en of ons dink aan die ontstellende feit van die bevolkingsontploffing wat soos 'n donker wolk oor die mensheid hang – telkens dink ons onsself vas teen 'n muur. Talle skrikbeelde van wat alles met die mens in die toekoms kan gebeur, doem vandag rondom ons op. En ongelukkig is hierdie skrikbeelde nie maar net die fantasieë van die sieklike brein van een of ander swartkyker of pessimis nie: dit is realiteite wat deur die fynste wetenskaplike berekeninge blootgelê en aan ons voorgehou word as 'n min of meer onafwendbare fatum waarheen ons op pad is . . . . . tensy daar 'n radikale verandering intree.

Een van die aspekte van ons moderne lewe wat vandag die meeste sorg baar, is die tempo waarteen ons besig is om die aarde waarop en waaruit ons lewe, te plunder, te stroop, te besoedel en letterlik "op te gebruik". As daar in hierdie opsig nie 'n drastiese wending kom nie, stuur ons af op 'n totale vernietiging van die moontlikhede van die mens om 'n menswaardige bestaan te kan voer en tot die ontplooiing van sy menslike kwaliteite te kom. Ons stuur bowendien af op die naamlose ellende wat die gevolg moet wees van die feit dat die aarde onbewoonbaar geword het en dat die basiese behoefte van die mens aan voldoende vars lug, voldoende nievergiftigde voedselstowwe en voldoende ruimte om as mens te kan bestaan, nie meer bevredig kan word nie. As dit alreeds waar is dat baie van die wêreld se bloedigste oorloë op een of ander wyse saamgehang het met die vraag na brood en die behoefte aan selfrealisering, kan 'n mens jou enigsins voorstel tot watter ongekende proporsies 'n stryd om die oorgeblewe karige reste van die eertydse volheid van die aarde in die laaste tragiese tonele van die menseheidsdrama kan uitgroei. Die pessimisme van bioloë en ander deskundiges op die gebied van die verhouding tussen die mens en sy millieu is vandag meer as verstaanbaar.

DIE WÊRELD SE DOOD – ONS BROOD

As ons hulle mag glo, dan is die mens daarvoor verantwoordelik dat daar op die terrein van die plante- en dierelewe van die aarde gedurende die afgelope aantal eeue 'n ontstellende verarming ingetree het. Oral waar die mens gekom en die aarde "bewoonbaar" gemaak het, het hy die natuur verander deur die dierelewe drasties uit te roei. Die grafiek van die toename van die mensetal op die aarde is eweredig aan die grafiek van die afname van die aantal diere-, voël-, insek- en vissoorte wat in die natuur oorgebly het. Met die uitroeiing van die nie-menslike lewe op die aarde gaan daar egter ingrypende gevolge gepaard. Die natuur self word verander, omdat die natuurlike ewewig wat daarin aanwesig was, versteur word. In sommige opsigte kan hierdie verarming en versteuring ook nooit weer herstel word nie, eenvoudig omdat die mens, met al sy kundigheid en wetenskaplike tegniek, nie in staat is om ook maar een enkele vorm van lewe te herstel nie. Ons kan wel lewe vernietig, maar ons kan dit nie weer maak nie. En die natuur self kan nie iets wat totaal uitgeroei en vernietig is, vervang of opnuut voortbring nie.

Dit is egter nie slegs die dierlike lewe wat deur die mens uitgeroei word nie. Die mens het ook die plantelewe op 'n ingrypende manier laat verarm. Deur die ontbossing van die oppervlakte van die aarde het die natuurlike samelewinge van plante en diere verdwyn, die natuurlike beskermende faktore wat die oppervlakte van die aarde oordek het, weggeval en is die proses van erosie sodanig versnel, dat groot gebiede van die aardoppervlakte betekenisloos en onvrugbaar geword het. As ons daaraan toevoeg dat die mens in hierdie proses besig is om die natuurlike voedsel- en hulpbronne van die aarde teen 'n rasende tempo op te gebruik, dan is dit duidelik wat ons besig is om van die aarde te maak. Dit word bv. bereken dat die papier wat nodig is vir die uitgawe van een Sondagkoerant in New York, vervaardig word uit 15,000 bome, wat dan maar

weer van die aarde verdwyn het, afgesien van die massas papier wat dan weer oral die wêreld lê en vervuil. As dit teen die huidige tempo voortgaan, is die wêreld se bome nie in staat om ons vraag na papier en na hout vir al die ander doeleindes waarvoor dit gebruik word, nog veel langer as enkele dekades te bevredig nie. Die bosbesit van Afrika het gedurende die laaste honderd jaar met tweederdes verminder, met al die nadelige gevolge daarvan vir die grondoppervlakte. Wat hier oor die verbruik van die houtvoorraad gesê word, kan ten opsigte van alle ander natuurlike hulpbronne herhaal word. Die mens is besig om die voorraad brandstowwe wat hy aan die oppervlakte van die aarde onttrek, soos steenkool, olie en gas, teen 'n groot snelheid te verbrand. Ook die ystererts en minerale wat ons vir alle moontlike doeleindes verwerk, is uiteraard nie onuitputlik nie. Daar moet 'n tyd kom – en dié tyd lyk nader as wat ons dink – dat ons die aarde so sal leeggeplunder het, dat daar vir ons nageslagte baie min sal oorbly.

GEBRUIK / VERBRUIK

Een van die ergste kante van die saak is nou egter ook dáárin geleë, dat ons in hierdie proses van plundering van die aarde, van roofbou en verarming, die klein stukkie leefbare aarde teen 'n geweldige vaart besoedel. Deur ons wetenskap en tegniek het ons onnoemlik veel bereik. Ons het tegnies in staat geword om die aarde teen 'n nog sneller tempo te gebruik om in die behoeftes van die groeiende aantal mense te voorsien. Ons het daarby ook nog die kuns ontwikkel om nie net die mens se basiese behoeftes te probeer bevredig nie, maar om by hom talle kunsmatige behoeftes te skep en bepaalde gemeenskappe tot groot hoogtes van "welvaart" te laat opklim, deurdat hulle oorvoed en oorversadig word met alle moontlike soorte weelde. Maar juis hierdie proses beteken dat die aarde en die leefmilieu van die mens geweldig vinnig besoedel word met die afvalstowwe, die giftige gasse, die waardelose rommel en berge stadsvuil wat dikwels nie weer ten volle afgebreek of vernietig kan word nie. Daarnaas staan ons voor die ontsaglike probleem van die besoedeling van die water en die lug. Ons moderne lewe is ondenkbaar sonder die masjien, die fabriek, die motor, die vliegtuig en die talle ander dinge meer wat daagliks voortgaan om deur die giftige gasse wat hulle in die lug in pomp, die samestelling daarvan te verander. Die hele industrie is ondenkbaar sonder die besoedeling en verandering van die karige watervoorraad waarsonder ons nie kan lewe nie. En om nou maar nie meer te noem nie: in dit alles is ons besig om die aarde te vergiftig, onder andere byvoorbeeld deur ons talle insek– en onkruiddoders waarmee ons in die landbou die produksie probeer verbeter, maar die lewe van plant, dier en mens bedreig deurdat ons geneesmiddel erger blyk te wees as die kwaal.

Waarheen is ons met dit alles op pad?

Die pessimisme van deskundiges op hierdie terrein is begryplik. Dit lyk inderdaad of die mens besig is om die tak af te saag waarop hy sit. Daar sit iets diep- "tragies" in die mens se geskiedenis. Hy blyk 'n wese te wees met ongekende vermoëns en talente, maar terselfdertyd met ondeurgrondelike dieptes van die kwaad wat in hom woon. Oral waar hy aan iets raak, veredel hy dit aan die een kant, maar besoedel, verander en vernietig hy dit aan die ander kant.

As Christene is dit nie vir ons 'n verrassende onthulling dat dit so is nie. Wat ons vandag in die geskiedenis voor ons oë sien gebeur, is net die bevestiging van die Bybel ons leer oor die adel en die verdorwenheid van die mens. Geskape na die beeld van God, is die mens deur God gestel tot Heer van die aarde (Gen. 1:28). Hy mag nie net nie, hy moet oor die aarde heers. Daarvoor het God aan hom al die nodige gawes gegee. God het gewil dat hy in die vervulling van sy kultuuropdrag die aarde sou ontgin, ontwikkel en regeer, sodat hy die verborge kragte wat daarin aanwesig is, sou ontdek en tot die hoogste moontlike ontplooiing sou bring. Gods bedoeling was nie dat die natuur oor die mens sou heers nie, maar die mens oor die natuur. Daarom beteken die openbaring wat God aan Israel gegee het, onder andere ook dat die verhouding tussen die mens en die aarde daarin onthul is op die regte manier. In die heidense mites is die aarde self goddelik en is die mens aan die grille van die natuur uitgelewer. Die openbaring van God leer ons egter dat die aarde aan die Here behoort, dat Hy die Skepper daarvan is. Dit laat ons die aarde sien as nie-goddelik, as die leef- en die werkplek van die mens wat die kroon is van Gods skepping. Die openbaring van die God van die Bybel verbreek die mites, stel die mens vry om op te klim tot die hoogste hoogtes van wetenskap en tegniek en om "mondig" te word in sy heerskappy oor Gods skepping. God het werklik die aarde aan die mensekinders gegee (Ps. 115:16). Oor die ontwikkeling van die wetenskap en tegniek hoef ons geen slegte gewete te hê nie. Die vraag van Schleiermacher, of die knoop van die geskiedenis só ontrafel sal word, dat die Christendom met die barbarisme verbonde sal wees en die wetenskap met die ongeloof, hoef nie bevestigend beantwoord te word nie. Binne die raamwerk van Gods Koninkryk is daar ten volle ruimte vir die ontwikkeling van die menslike kultuur tot die allerhoogste hoogtes. Ook daarin moet hy God verheerlik.

DIE MENS KONKEL MET GOD SE BOEKE

Maar. . . . . in die ontwikkeling van sy wetenskap en tegniek is hy geroepe om rentmeester van God te wees en nie 'n onverantwoordelike vernietiger van die handewerk van God nie. Die aarde behoort aan die Here, selfs al het God aan die mens die aarde gegee om daarop te woon en te ontwikkel. Daar is 'n etiese grens aan wat die mens met die aarde mag doen en wat hy nie daarmee mag doen nie. Staande voor die aangesig van God, hou die gebod van liefde tot God vir ons ook in dat ons nie met die aarde mag omgaan asof dit nie saak maak wat ons daarmee doen nie. Die vloek waaronder die mens lewe, is dat die liefde tot God in hom verander is in 'n matelose selfliefde en selfsug. Wanneer hy nou in sy tegniese en wetenskaplike vooruitgang gedryf word, nie deur die liefde tot God nie, maar deur die selfsug wat hom vervul, deur die ambisie van 'n sondige hart, deur die trots van 'n outonome selfwil, word sy hele kultuur tot 'n aaklige karikatuur van wat dit bedoel is om te wees. Dan

gryp die mens na die aarde sonder om aan die medemens te dink wat saam met hom op die aarde lewe en hom in die toekoms op die aarde sal opvolg. Hy sien nog net homself en sy eie begeertes na weelde, welvaart, oorvloed, gemak. En hy merk nie dat 'n ongebreidelde uitlewing daarvan die lewenskanse van sy medemense onherroeplik kan beskadig of selfs vernietig nie.

MAKRO-SONDES

Dit gaan egter nie net om die medemens nie. Staande voor die aangesig van God het die mens ook 'n verantwoordelikheid teenoor die aarde, teenoor die plante en die diere, die lug en die see. Dit is God se aarde. Hy het die dinge gemaak. Dit is 'n verwording van die mens dat hy roekeloos met die dinge omgaan, dat hy maar doodtrap wat onder sy voet kom en soos 'n vandaal Gods goeie aarde in sy sug na welvaart en genot beskadig en vernietig. Dit is die swakheid en ontoereikendheid van enige vorm van personalistiese etiek, dat dit geen oog daarvoor het dat die sedelike nie net iets is wat op die vlak van die persoons-verhouding en die persoons-behartiging betrekking het nie, maar óók op die verhouding van die mens tot die ander geskape dinge. Dit is ook die swakheid van die mikro-etiek dat dit ons aandag net steeds bepaal het by die klein moenies en mag-nies van die persoonlike lewe (hoe noodsaaklik dit trouens op sigself ook is), terwyl dit ons oë nie geopen het vir die goddeloosheid van die mens in die makro-verband van sy lewe op Gods aarde nie.

WEL-VAART ?

As die etiek in ons tyd sy taak wil vervul, moet hy ons weer daaraan herinner dat **die aarde aan die Here behoort en die volheid daarvan.** 'n Etiek wat rekening hou met die Koninkryk van God moet ons laat verstaan dat Gods gebod vir ons in hierdie tyd is om innerlik te verander en ons selfsug te kruisig, juis in die dinge wat in die makro-verbande van die menslike samelewing van deurslaggewende betekenis is. Ons sal moet leer verstaan dat dit geen sport kan wees om duisende diere uit te roei vir die plesier van die mens en vir sy ontspanning nie. Ons sal die vraag moet stel watter vorme van versobering noodsaaklik sal wees as ons nie deur ons welvaarspeil die aarde só wil plunder, dat ons nageslagte geen toekoms het nie. Ons sal die verband moet vind tussen wat noodsaaklik gedoen moet word vir die voeding en onderhouding van die miljarde mense op die aarde, sonder om die aarde self in dié proses te verwoes.

En dit alles nie, omdat ons alleen ons eie voortbestaan wil waarborg nie, maar ter wille van God, wie se aarde dit is. ■